# AANSOEKBEPALINGS EN -VOORWAARDES VIR VOORGRAADSE EN NAGRAADSE AANSOEKE 2027 INNAME

## 1. JOU AANSOEK IS JOU VERANTWOORDELIKHEID

Dit is jou verantwoordelikhied om seker te maak dat jy jou aansoek betyds en korrek voltooi. Maakseker dat jy:

- vertroud is met die Universiteit se Toelatingsbeleid, program-spesifieke toelatingsvereistesen die fakulteite se keuringsriglyne;
- al die inligting en ondersteunende dokumente voor die sluitingsdatum verskaf:
  - **Voorgraadse aansoeke:** Sluitingsdatum 31 Julie.
    Klik hier vir riglyne oor hoe en wanneer om vir 'n voorgraadse program aansoek te doen. Meer inligting oor voorgraadse programme word op www.maties.com gepubliseer.
  - **Nagraadse aansoeke:** Klik hier vir riglyne oor hoe en wanneer om aansoek te doen vir 'n nagraadse program.
- aansoek doen vir die programme waarvoor jy aan die minimum program-spesifieke toelatingsvereistes voldoen. Sommige programme het keuringsvereistes wat vir meer as die program-spesifieke minimum toelatingsvereistes vra. Weens die hoeveelheid aansoeke wat ons gewoonlik ontvang word en die beperkte aantal spasies beskikbaar, kan ons nie waarborg dat jy toegelaat sal word nie– selfs al voldoen jy aan al die kriteria.

Ons kan ons inligting en riglyne enige tyd aanpas en bywerk, sonder kennisgewing aan jou. Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat jy op hoogte is van ons mees onlangse inligting en riglyne.

Jy kan ook ons Kontak- en Kliëntedienssentrum kontak by 021 808 9111 of info@sun.ac.za vir die nuutste inligting.

## 2. VOLG DIE KORREKTE HERAANSOEKPROSES

- Benewens hierdie aansoek, moet jy die hertoelatingsaansoek voltooi en indien, as:

- jy akademies uitgesluit was by enige tersiêre instelling (US ingesluit) en/of jy weens hierdie rede, nie voorheen tot die Universiteit hertoegelaat is nie .
- jou studies by enige tersiêre instelling (insluitend US) beëindig is, of
- jy jou studies by enige tersiêre instelling (insluitend US) gekanselleer of gestaak het, of
- as daar 'n onderbreking in jou studies van een jaar of langer was sonder enige formele goedkeuring van die tersiêre instansie (US ingesluit).

- Indien jy sou versuim om 'n hertoelatingsaansoek in te dien, kan die Universiteit jou aansoek van die hand wys en/of jou registrasie kanselleer.

- Jy kan verdere inligting oor die Universiteit se reëls vir hertoelating hier verkry word, en die fakulteitsadministrateur se kontakbesonderhede kan hier verkry word vir meer inligting aangaande die sluitingsdatums vir die indiening van jou hertoelatingsaansoek tot die Universiteit.

**Belangrik**

Ons oorweeg slegs aansoeke wat korrek ingevul en voltooi is, al die vereiste dokumente bevat en ons voor die sluitingsdatum bereik het. Jy kan ons nie verantwoordelik hou as ons jou aansoek nie oorweeg nie omdat dit onvolledig is (bv. as jy nie al die vereiste dokumente ingedien het nie), verkeerd ingevul is, of nie voor die sluitingsdatum ingedien of gekorrigeer is nie.

## 3. JY MOET JOU AANSOEK BETYDS VOLTOOI

Ons moet jou aansoek, alle ondersteunende dokumente, en enige verdere inligting wat ons mag aanvra, voor die sluitingsdatum ontvang. Die Universiteit sal geen laat of onvolledige aansoeke oorweeg nie.

## 4. KORREKTE INLIGTING IS BELANGRIK

Maak seker dat al die inligting wat jy verskaf korrek en volledig is. As die inligting nie korrek of volledig is nie, ongeag opsetlik of onopsetlik:

- kan ons jou aansoek, toelating of registrasie kanselleer of van die hand wys; of
- kan jy die sluitingsdatum mis as jy nie die korrekte inligtingbetyds verskaf of korrigeer nie.

Ons mag die inligting wat jy verskaf met derde partye of mense soos jou ouers, onderwysers, skool of ander universiteite verifieer. Indien ons teenstrydige inligting ontvang kan ons vir jou vra omdit op te klaar. Dit mag jou aansoek vertraag en dit is moontlik dat jy die sluitingsdatum mis. Indien jy nie die teenstrydigheid, voldoende na ons uitsluitlike diskresie, opgeklaar het nie, mag ons jou aansoek van die hand wys.

Ons mag jou ook vra om die oorspronklike dokumente of verdere ondersteunendedokumente te verskaf.

**Belangrik**

Jy moet jou vorige studies aan enige hoëronderwyskollege of instansie, ingesluit Stellenbosch Universiteit, verklaar, ongeag of jy jou studies voltooi het of nie, of hoe lank jy ingeskryf was. Ons maak gebruik van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding om vorige tersiêre studies vir alle aansoekers te verifieer. Jou aansoek, toelating en/of registrasie sal afgekeur/gekanselleer word indien jy nie al jou vorige studies in jou aansoek aan ons verklaar het nie.

## 5. NIKS IS GEWAARBORG NIE

Selfs al dien jy 'n aansoek in wat korrek voltooi is, ons teen die sluitingsdatum bereik, en al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes, is jou toelating nie gewaarborg nie.

## 6. KOMMUNIKASIE TYDENS DIE AANSOEKPROSES

Ons sal die e-posadres en telefoonnommer wat jy verskaf het gebruik om met jou oor jou aansoek tekommunikeer.

Wees op die uitkyk vir die volgende boodskappe, ook beskikbaar op die Aansoekportaal:

- Bevestiging dat ons jou aansoek ontvang het;
- Versoeke vir verdere inligting;
- Versoeke vir verdere dokumente indien dit wat jy verskaf het foutief, onvolledig, of onleesbaar was;
- Jou voorwaardelike en/of jou finale aanbod of aanbiedinge.

**Belangrik**

Ons is nie daarvoor verantwoordelik indien jy nie hierdie boodskappe ontvang het nie weens jou foutiewe of verouderde kontakbesonderhede nie, of indien jy die besonderhede van 'n anderkontakpersoon (bv. 'n ouer) verskaf het en hulle nie die boodskap aan jou oordra nie. Maak asseblief seker dat jou kontakbesonderhede op datum is.

Jy kan jou aansoekstatus aanlyn volg deur op die Aansoekportaal aan te teken.

## 7. AS ONS 'N AANBOD AAN JOU MAAK

- **Voorgraadse programme**

As jy met jou graad 11-uitslae aansoek doen, kan ons 'n voorwaardelike aanbod of aanbiedinge aan jou maak. Jy moet een van hierdie aanbiedinge aanvaar teen die afsnydatum wat aan jou gekommunikeer sal word.

Op grond van jou graad 12-uitslae (gewoonlik beskikbaar in Januarie), en die fakulteitspesifieke keuringsriglyne, sal ons 'n finale aanbod aan jou maak. Jy sal drie dae hê om die finale aanbod te aanvaar.

Indien jy reeds skool voltooi het en met jou graad 12-uitslae aansoek doen sal jy oorweeg word vir 'nfinale aanbod (of aanbiedinge). Jy moet een van daardie aanbiedinge aanvaar

voor die sperdatum wat in die aanbod aangedui word.

- **Nagraadse programme**

Indien jy vir meer as een program aansoek gedoen het, kan jy meer as een aanbod van ons ontvang. Jy moet een van daardie aanbiedinge aanvaar voor die sperdatum wat in die aanbod aangedui word.

Enige aanbiedinge wat jy nie teen die sperdatum aanvaar nie, sal verval.

## 8. MAAK SEKER JY HET AKKOMMODASIE

Akkommodasie is nie in die akademiese aanbod ingesluit nie. Dit is jou verantwoordelikheid om akkommodasie te bekom, teen jou eie onkoste, voordat jy op kampus arriveer en registreer. Besoek www.maties.com vir meer inligting oor koshuise en privaat verblyf.

## 9. JOU PERSOONLIKE INLIGTING

Die Universiteit sal die persoonlike inligting wat jy tydens die aansoekproses verskaf het gebruik om:

- jou aansoek te oorweeg;
- met jou te kommunikeer by die kontakbesonderhede wat jy verskaf het;
- 'n aanbod aan jou te maak as jy gekeur word; en
- 'n studentekontrak met jou te sluit as jy 'n aanbod aanvaar.

Ons sal slegs inligting wat op jou aansoek betrekking het aan ander persone of organisasies (derde partye) openbaar as:

- dit nodig is om jou aansoek te oorweeg;
- jy hulle kontakbesonderhede in die aansoek verskaf het (bv. as jy die kontakbesonderhede
  van 'n ouer verskaf het);
- hulle die universiteit kontak en namens jou navraag doen met betrekking tot jou aansoek
  (bv. as 'n ouer die Kontak- en kliëntediens kontak);
- ons wetlik vereis word om die persoonlike inligting te verskaf; of
- as jy ons toestemming gegee het om die persoonlike inligting bekend te maak.

Indien jy meer wil weet oor privaatheid by die Universiteit stuur gerus 'n e-pos aan privacy@sun.ac.za

## 10. VOLG DIE UNIVERSITEIT SE REËLS

Indien jy 'n aanbod ontvang en/of aanvaar, moet die beleide, reëls, en regulasies (die "reëls") van die Universiteit, die fakulteit waar jy toegelaat is, en jou Universiteitsverblyf, nakom soos dit van tyd tot tyd verander. Hierdie reëls word in die Jaarboek en op die webblad gepubliseer. As enige van die bepalings en voorwaardes in hierdie dokument teenstrydig is met die reëls, dan is die reëls van toepassing. Nie-nakoming van die reëls kan tot dissiplinêre

aksie, ingesluit skorsing, verdere regsaksie (bv eis vir skade of kriminele prosesse), of beide, lei.

## 11. WAT GEBEUR VOLGENDE

Wees op die uitkyk vir ons e-posse en teksboodskappe – ons sal jou deur die proses lei. Indien jy een van die aanbiedinge aanvaar, sal ons jou vra om die studentekontrak te teken en op te laai voor jy registreer.

Jou ouer(s) of voog(de) sal ook gevra word om as borge vir jou studenterekening te teken indien jy onder die ouderdom van 21 is. Maak seker dat jy en jou ouer(s) of voog(de) bewus is van die studentegelde voordat die aanbod aanvaar word.

Lees gerus die studentekontrak en borgstelling hier.